Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Avela Bolilitye**
Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde
Avela.Bolilitye@westerncape.gov.za | 021 467 2084

Lêerno.: 4/2/P
Verwysing: 20230315-2554

Finansiëlerekeningkundeminuut: 0003/2023

Aan: Superintendent-generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van alle subdirektorate en afdelings, en Finansiespersoneel

**Onderwerp: Oordrag van bevoegdhede ingevolge artikel 44 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)**

1. Hierdie minuut herroep en vervang Finansiëlerekeningkundeminuut 0004/2021 van 29 April 2021.

2. Ingevolge artikel 44(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA), 1999 (Wet 1 van 1999), mag die rekenpligtige beampte van 'n departement skriftelik enige van die magte wat ingevolge die PFMA (ingeslote die Nasionale Tesourieregulasies en die Provinsiale Tesourieregulasies) aan die rekenpligtige beampte toevertrou of gedelegeer is, aan 'n amptenaar in daardie departement delegeer of enige amptenaar in daardie departement opdrag gee om enige van die pligte wat aan die rekenpligtige beampte ingevolge die PFMA (ingeslote die Nasionale Tesourieregulasies en die Provinsiale Tesourieregulasies) toegeken is, uit te voer.

3. In die lig van bogenoemde, is die volgende dokumente wat aangeheg is, dadelik van krag: *Oordrag van Bevoegdhede, 2023* en *Toewysing van Verantwoordelikhede, 2023.*

4. Alle amptenare word versoek om aan hierdie minuut en die toepassing van die oordrag van bevoegdhede te voldoen. Enige nienakoming of oortreding van enige wesentlike aspek van hierdie oordrag van bevoegdhede sal ooreenkomstig die dissiplinêre beleid en prosedure hanteer word.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2023-03-31